



19 Januarie 2021

Geagte Ouers

Ek vertrou dat u almal, na die onlangse aankondiging van die Departement van Basiese Onderwys, dat die heropening van skole tot 15 Februarie 2021 uitgestel is, alreeds daarvan kennis geneem het.

Ons glo dat u, as ouers, baie kommer en vrae het oor wat die skooljaar van 2021 vir ons gaan inhou. Ons wil u egter verseker dat Vaalpark Primêre Skool soos altyd, u en u kinders se welstand en belange op die hart dra en onderneem, om sover dit in ons vermoë is, 'n baken van hoop en dáárwees, vir u kinders in die onsekere tyd, te wees.

Die skoolbestuur sal in die volgende week deeglik besin oor die weg vorentoe nadat daar deeglik met belanghebbendes in die onderwyssektor gekonsulteer is. Sodra daar definitiewe duidelikheid is, sal ons aan u kommunikeer wat ons aksieplan sal wees aangaande die hele skoolsituasie. Ons wil nie blindelings oorhaastige besluite neem nie en vra daarom ons ouers se begrip en geduld in hierdie verband.

Dit is vir Vaalpark Primêr van uiterse belang dat alle besluite wat geneem word, slegs tot voordeel en in belang van al ons kinders sal wees.

Ons weet tans nog glad nie wat die datums van die jaar se vakansies sal wees nie en óf daar moontlike wysigings van datums gaan plaasvind nie. Sodra ons verdere inligting hieromtrent ontvang, sal ons u dadelik daarvan in kennis stel.

As gevolg van Covid- regulasies sal daar geen atletiek hierdie kwartaal plaasvind nie.

Ons gaan steeds met die blou groep begin wanneer die leerders fisies terugkeer skooltoe.

**MISSION**

BY MEANS OF QUALITY TUITION AND  
EDUCATION PAR EXCELLENCE WE WILL  
BUILD A FUTURE FOR OUR YOUTH

**MISSIE**

KWALITEIT ONDERRIG EN OPVOEDING  
BY UITNEMENDHEID, BOU VIR ONSE JEUG  
'N TOEKOMS



Ons het absolute begrip vir die moeilike situasie waarin die grendeltyd baie huishoudings plaas en sal daadwerklik poog om die situasie, vanaf die skool se kant, vir u so maklik en vloeiend as moontlik te maak.

U, as ouers, moet probeer om roetine te handhaaf, waar moontlik. Dit is alombekend dat roetine en dissipline hand- aan- hand loop. Gedissiplineerde leerders maak ook onderwysers se taak soveel ligter. Laat u kinders baie tyd aan lees spandeer, dit prikkel hul leeslus en verbeter hul woordeskat. Begin ook om daaglik die leerders se “tafels” op te skerp! Hoe gouer die kinders weer aan akademiese dissipline blootgestel word, hoe makliker die aanpassing wanneer die skole fisies heropen.

Alhoewel 2020 'n baie uitdagende, moeilike jaar vir ons almal was, het ons steeds 'n groot sukses daarvan gemaak, te danke aan die uitstekende samewerking tussen die huis en die skool. Juis om hierdie rede, wéét ons dat dit in 2021 weer goed sal gaan met Vaalpark Primêr en sy leerders!

Tot verdere kennisname

Vaalpark- groete

Jannie Erasmus (Waarnemende adjunkhoof)

**MISSION**

BY MEANS OF QUALITY TUITION AND  
EDUCATION PAR EXCELLENCE WE WILL  
BUILD A FUTURE FOR OUR YOUTH

**MISSIE**

KWALITEIT ONDERRIG EN OPVOEDING  
BY UITNEMENDHEID, BOU VIR ONS JEUG  
'N TOEKOMS